...Rude Remix" van

...aanhangers wat haar cross-over-countrymusiek wil onthou.

Potchefstroom vier Wêreldkunstedag

Potchefstroom. – Die stad se kunsvereniging vier vanjaar weer Wêreldkunstedag met 'n uitstalling van werke van sowat 20 kunstenaars.

Dié uitstalling *Funky Functional* open vandag 19:00 in die stad se hoofmuseum en duur tot 4 Mei.

Venessa van der Westhuizen van die Potchefstroomse Kunsvereniging sê kunstenaars wat werke vir dié besonderse uitstalling moes skep, het veral daarop gefokus dat die eindproduk ook bruikbaar is.

Die Wêreldkunsvereniging het in 2011 besluit Wêreldkunstedag sal voortaan elke jaar gevier word op 15 April, die geboortedag van Leonardo da Vinci.

Die doel met Wêreldkunstedag is om 'n bewustheid te kweek van die belang van kuns en kunstenaars in die skep en behoud van die beskawing. – **Susan Cilliers**